NUUSKRUMMELS

26 MAART 2020

Mense in 'n lugballon is afgesonder en alleen. Hulle kyk gereeld op na die pragtige gekleurde ballon, soos dit al hoër en hoër aangeblaas word. Dan kyk hulle af, soos alles onder hulle al kleiner word. In dié onsekere tyd moet ons wees soos mense in 'n lugballon. Afgesonder, moet ons kyk na bo - na God. Die pragtige gekleurde ballon is God se Woord en al die beloftes daarin...soek dit, lees dit en bestudeer dit. Dan kan ons af kyk na onder, na die Corona-virus en die wêreld se dinge en ons weet dat ons God se kinders is en wat ook al gebeur, ons saak met God reg is.

Dit was Woensdagoggend net na 02:00 toe die wagte wat snags by die woonstelblok diens doen se stemme my wakker maak. Hulle sit by die hoofingang en gesels - so 20m van ons kamervenster af. Kyk, klank trek mos en alles is ekstra hard daai tyd van die oggend. Die geraas het ook ons bure wakker gemaak - die voetstappe en 'n stoel wat op die blokkiesvloere kraak verraai hul teenwoordigheid. Ek is wawyd wakker en besluit om op te staan en stap na buite om op 'n taktiese manier vir die twee manne te sê hul oggend geselsies maak almal wie se vensters na die hoofingang wys, wakker. Jammer sê die een, half verleë. Hy is altyd baie vriendelik. Ons gesels oor die virus wat die wêreld nou op sy kop gekeer het en die "lockdown" Donderdag middernag. Hy sê hulle is van die noodsaaklike dienste wat moet bly werk in die tyd. Ek groet. Later gaan die motorhek oop, die twee stap straataf, seker om daar verder te gesels.

Nou is ek wakker en wonder wat die nuutste Coronavirus-nuus op CNN, eNCA, BBC is. My hand soek die afstandbeheer op die bank en ek dink weer "wat sê die nuus?" toe hoor ek, "Wat sê die Here?

Wat sê die Here?

Ek raak is stil. Wat sê die Here? My God is groter as die virus, groter as die paniek wat die wêreld oorheers, groter as die negatiewe voorspellings, die chaos, die vrees en onsekerheid. Fokus op God, nie op wêreld-dinge nie. Elke keer as jy die afstandbeheer wil optel, tel die Bybel op. As jy op jou selfoon na die nuutste video's oor die virus wil kyk, kyk na 'n geestelike boodskap. Wees suinig met die nuus wat jy uitstuur – fokus net op die waarheid (nuus van betroubare bronne) en positiewe boodskappe. Wees egter ook ingelig, kyk of luister na die nuus, maar moenie dat dit jou insluk nie... trek die Bybel nader.

Om middernag begin die "lockdown". Bly veilig en gebruik die tyd vir kwaliteit tyd saam diegene wat vir 21 dae jou ruimte gaan deel.

Riata Nel

Nuus uit die kerkkantoor

Kerkwees in ’n tyd van Covid-19.

Ons doen ’n beroep op elkeen om aan te hou bid vir die situasie rakende die Coronavirus wat gemeenskappe plaaslik en wêreldwyd raak. Bid vir die regering, medici, versorgers, pasiënte en geliefdes. Bid dat ’n kuur vir die virus gekry sal word. As ’n geloofsfamilie moet ons aan God vashou en bly leef uit God se woord.

LOURENSRIVIER GEMEENTE

Geen byeenkomste in Kerkgeboue tot na die Paasnaweek.

Ds. Petrie sal weekliks ’n kort geestelike video-boodskap doen wat op ’n Vrydag teen 13:00 op ons kerk se Facebook-blad en Webblad beskikbaar sal wees. Ds. Bas Peters doen die week se boodskap wat Vrydag 20 Maart beskikbaar sal wees.

KONTAK ONS

Die kerkkantoor sluit van Maandag af om 13:00, tot na die Paasnaweek. Ons moedig lidmate aan om die kantoor eers telefonies te kontak en te verwittig van ’n besoek. Ds. Petrie is met verlof vanaf 21-29 Maart. Ds. Bas Peters staan in vir die tyd. Kontak hom – 082 823 1762
Ds. Petrie kan weer vanaf 30 Maart gekontak word op 073 166 1306.

DONDERDAE:

Die weeklikse Nuuskrummel word op ’n Donderdag per epos uitgestuur. Die Nuuskrummel is ’n weeklikse nuusbrief met inligting oor gemeenskapaksies en kerksake. As jy wil bydra met nuus, video’s of ’n positiewe boodskap het, stuur dit na admin@lourensrivier.co.za of stuur ’n WhatsApp na 082 560 5283.

As jy graag ’n Nuuskrummel wil ontvang, stuur jou inligting per epos na admin@lourensrivier.co.za

VRYDAE:

Lidmate word uitgenooi om op ’n Vrydag teen 13:00 op Facebook of ons kerk se webblad na ’n kort geestelike video te kyk. Die video sal vooraf opgeneem word. ’n Geskrewe boodskap sal dan ook beskikbaar wees.

Baie dankie vir elkeen se bydrae en dankoffers.

Ons moedig u aan om in dié tyd voort te gaan met dankoffers en van die ‘Zapper’ selfoon toepassing gebruik te maak, of elektroniese betalings te doen.

zapper™
pay with
MasterCard
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

Facebook: Lourensrivier SeMense

Webblad: Lourensrivier.co.za

Riata WhatsApp: 082 560 5283

Kerkkantoor: (021) 8535991

Epos: admin@lourensrivier.co.za

GEBEDSVERSOEK

- Bid vir ‘n kuur vir die Covid-19 Coronavirus.
- Bid vir die medici, versorgers, ons president, ons regering, die polisie, weermag en al die mense en elke individu wat in dié tyd steeds moet werk.
- Bid vir elke lidmaat wat alleen is in die tyd, dat hulle op God sal fokus, kontak sal hou met geliefdes.
- Bid vir elke lidmaat in die onsekere tyd.
- Bid dat God jou gesin, familie, geliefdes sal beskerm, dat Hy sy Hand oor elkeen sal hou.
- Bid dat die wêreld na God sal draai.
- Ons bid ook spesifiek vir elkeen wat siek is, wat in die hospitaal is, wat wag vir mediese toets uitslae en ook vir die wat getoets moet word en ook die wat reeds weet wat die uitslag van ‘n mediese toets is.
- Ons bid vir ons kinders. Dit is ook ‘n onsekere tyd vir hulle, nie net vir die matrieks nie, maar vir elke leerder en student.
- Ons bid vir al ons onderwysers/dosente ens. wat nou tuis klasse moet voorberei en sosiale media moet gebruik om studente en leerders te bereik.
- Ons bid ook vir elke predikant wat in dié uitdagende tyd steeds na elke lidmaat op ‘n nuwe manier moet uitreik.

OLIE IN JOU LAMPIE

Hoe lyk jou olievlak? Hoeveel olie het jy, en hoe lank gaan dit hou? Het jy genoeg om met ander te deel, of net genoeg vir jouself? Is jou olie skoon? En is dit olie van goeie gehalte? Voor jy dink ek is *koekoes*, kom ek lees vir jou die gelykenis van die tien meisies, sodat jy verstaan wat my beheptheid vanoggend met olie is.

Matt 25 : 1 - 13
1 Dan sal dit met die koninkryk van die hemel gaan soos met tien meisies wat hulle lampe gevat het om die bruidegom te gaan inwag. 2 Vyf van hulle was onverstandig en vyf verstandig.3 Die onverstandiges het hulle lampe gevat maar nie ekstra olie met hulle saamgevat nie,4 terwyl die verstandiges saam met hulle lampe ook nog olie in houers gevat het.5 Toe die bruidegom lank wegbly, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.6 In die middel van die nag was daar 'n geroep: "Hier kom die bruidegom! Gaan hom tegemoet!" 7 Toe staan al die meisies op en maak hulle lampe reg.8 Die onverstandiges sê toe vir die verstandiges: "Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan dood."9 Maar die verstandiges antwoord: "Nee, daar is nie genoeg vir ons en vir julle nie. Gaan liewer winkel toe en koop vir julle olie." 10 Terwyl die onverstandiges olie gaan koop het, het die bruidegom gekom. Dié wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof toe, en die deur is gesluit. 11 Later kom die ander meisies ook daar aan en roep: "Meneer, Meneer, maak vir ons oop!" 12 Maar die bruidegom antwoord: "Ek sê vir julle: Ek ken julle nie!" 13 Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie.

Olie in jou lampie, sodat jy op die mees kritiese tyd nie onverhoeds betrap gaan word nie. Die beeld wat hier gebruik word van olie, is iets waarmee ons baie goed kan assosieer. Maar voor ons aangaan, kom ons kyk net bietjie na die belangrikheid van olie, en ons doen dit aan die hand van 'n motor. Voordat jy vêr ry, versien jy jou motor. Hoekom? Omdat jy wil seker maak dat jy nie onverhoeds betrap word nie. Daarom dreineer jy die enjin en maak seker dat die enjin genoeg olie het om die enjin te beskerm. Want as jou enjin nie genoeg olie in het nie, gaan jy die hele enjin vernietig. Jy gooi dus goeie olie in, die regte tipe, die regte hoeveelheid en maak seker dat daar nie 'n olielek is nie. Olie is die belangrikste iets in 'n enjin, want dit smeer en beskerm die enjin.

In die begin het ek gevra: Hoe lyk jou olievlak? Ons lees in hierdie gelykenis van tien miesies wat hulle lampe gevat het om die bruidegom te gaan inwag. Vers 1: "In die Koninkryk van die hemel, gaan dit soos met tien meisies". Vyf verstandig en vyf onverstandig. Vyf met ekstra olie en die ander vyf nie. Soos jy weet verwys hierdie gedeelte na die wederkoms van Christus. Ek wil nou eers stilstaan by die verstandiges en die onverstandiges. Die Bybel sê dus dat nie almal gereed gaan wees nie. Wel, die feit dat al tien die meisies gaan wag het, wys daarop dat die meeste mense tog op een of ander manier 'n verwagting het van 'n wederkoms, of ten minste, soort van. Maar die Bybel noem dié sonder ekstra olie, die dwases. Ek dink ons almal kom mos maar van kleins af met die gedagte van die wederkoms, maar soos wat tyd verby gaan, raak ons maar so bietjie traak-my-nie-agtig. En dis waar ons olie dan begin uitbrand, en baie dan nie gereed is as die bruidegom kom nie. Ek het al baie gewonder: waarmee sal ek besig wees as Jesus weer kom op die wolke? Waarmee wíl ek besig wees? En weet jy, sekerlik sê die mensdom al eeue lank dat die tekens van die tye wys dat die wederkoms naby is, en vir eeue lank het dit nog nie gebeur nie, maar jong, die tyd kom vinnig naby. Die Here waarsku ons op baie maniere, dat ons onsself reg moet kry.

Die vraag is net: hoe belangrik is hierdie wete dat Jesus weer kom vir jou? Hou jy jou lampie vol olie, of kom loer jy net kort-kort of dit nie miskien nou die tyd is nie?

Hoe vol is jou olie? Hierdie vyf wyse meisies het geweet dat die bruidegom op pad is. Die vyf dwase meisies het dit ook geweet, daarom was hulle daar, met hulle lampies, maar geen ekstra olie nie. Dit lyk my hierdie hele affêre was nie vir hulle baie belangrik nie, so asof hulle maar net uit nuuskierigheid gekom het. Die vyf wyse meisies was slim genoeg om te sê: kom ons maak liewer voorsiening vir ingeval dit langer vat as wat ons gedink het. Die dwase meisies het gedink dis maar okei as hulle nie die hele vertoning sien nie. En sowaar, toe kom die bruidegom, seker so net toe dit amper te laat is vir die bruilof. Die onvoorbereides soek toe hulp en wil hulle leen by dié wat het. Met Lazarus en die ryk man se verhaal lees ons dat die ryk man in die doderyk gesmeek het vir hulp, maar dit het nie gewerk nie, want dit was te laat. Net soos met die vyf dwase meisies. Jy sien, ander kan nie ons saligheid bewerkstellig nie. Dit hang net van onsself af of ons genoeg olie het om ons tot die einde deur te sien of nie.

2 Pet 3 : 3 - 13
3 Veral moet julle weet dat daar in die laaste dae mense op die toneel sal verskyn wat die spot dryf en wie se lewe net deur hulle eie begeertes beheers word. Hulle sal spot 4 en sê: En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms? Ons vaders is al dood, en tog bly alles nog net soos dit was van die begin van die skepping af. 5 Hiermee vergeet hulle moedswillig dat daar lank gelede 'n hemel en 'n aarde was wat deur die woord van God uit water en deur water ontstaan het. 6 En dit is ook deur water dat die wêreld van daardie tyd oorstroom is en vergaan het. 7 Maar die hemel en die aarde van vandag is bestem en word bewaar vir die vuur, ook deur die woord van God, en word in stand gehou tot op die dag waarop die

goddelose mense veroordeel en verdelg sal word.
8 Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag.
9 Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer. 10 Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan. 11 Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe. 12 Leef in verwagting dat die dag van God kom en beywer julle daarvoor, die dag waarop die hemel in vlamme sal vergaan en die hemelliggame sal brand en wegsmelt. 13 Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers.

Ons lampe moet altyd, maar altyd vol wees.

Hoe maak ons seker dat ons lampe vol olie bly?

1. Ons moet weet dat dit nodig is, want die bruidegom kan enige oomblik kom. Daarvoor het ons ook kennis nodig, en geloof, en die wete dat Jesus Sy belofte gaan nakom. Hy kom beslis weer!

2. Dit vat tyd om olie te koop. Dit is om in gemeenskap met Christus te lewe, om tyd saam met Hom te spandeer. As jy jou motor vir 'n diens neem, dan weet jy mos jy moet ten minste 'n hele dag voorsiening maak daarvoor. Tyd saam met God maak ons oliehouers vol. Sondebelydenis en vergifnis maak dat die olie skoon is en sonder gemors is.

3. Om met die regte dinge besig te wees, beteken dat ons die regte tipe olie gebruik. Dan gebruik ons nie olie vir 'n dieselenjin in 'n hoë verrigting turbo-aangedrewe petrolenjin nie.

4. Om in heiligheid toe te neem beteken dat daar nie 'n olielek is nie. Jy weet mos, met party motors weet ons daar is darem nog olie in as dit uitlek. Gate in ons geestelike mondering laat kosbare olie onnodig verlore gaan.

5. Gesonder verbranding van olie in 'n enjin gebeur as ons die enjin gebruik. Net so wil ons ook daagliks met die werk van die Here besig bly, en dus sal gesonde verbranding plaasvind, maar dan gaan maak ons weer vol by die Here.

6. Het jy al gesien as 'n kar rook by sy uitlaatpyp? Dis as sy suierringe klaar is. Net so is dit as ons sonde in ons lewe toelaat, dan rook ons geestelike enjins. Dan wys die vrug van ons lewens dat ons nie geestelik gesond is nie.

Hoe maak ons ons olielampe vol?

· Stiltetyd - tye wat ons persoonlik saam met God deurbring.
· Eredienste - Hebr. 10 sê "Moenie van die samekomste van die gemeente wegbly nie ….."
· Geestelike gesprekke
· Gebed
· Lofprysing
· Getuig
· Doen iets vir ander - sodat hulle ook kan sien dat jou oliehouer vol is, en dan graag ook wil hê wat jy het.
· Lees die Woord van God. Dis by verre die beste bron van olie.
· Weerhou jou van die verkeerde goed.

Kom ons wees gereed, sodat die deur nie agter ons gesluit word nie. Elke dag. Altyd.

Duplisering en verspreiding word toegelaat sonder veranderinge en met verwysing na die outeur (Willem Botha) en webruimte (www.heuning.co.za)

Eerste Sondag in Lydenstyd
01-07 Maart 2020
Lees gerus hierdie week: Matt 4:1-11; Genesis 2:15-17; 3:1-7; Psalm 32; Romeine 5:12-19.

Die gedeelte in Matteus handel oor die versoeking wat Jesus in die woestyn weerstaan het. Dit staan in kontras met die Genesisteks wat die verhaal vertel van die eerste mense wat geswig het voor die versoeking wat aan hulle gestel is. Die psalm is 'n belydenis van skuld en 'n dankbare aanvaarding van God se vergiffenis. In die teks in Romeine word die oortreding van die eerste mense en die gevolge daarvan gestel teenoor die gehoorsaamheid van Christus en die vryspraak wat daaruit voortvloei. (Uit: Preekstudies en Liturgiese voorstelle 2011)

Tweede Sondag in Lydenstyd
08-14 Maart 2020
Lees gerus hierdie week: Gen 12:1-4a; Ps 121; Matt 17:1-9; Rom 4:1-5, 13-17; Joh 3:1-17

Die fokusteks is die gedeelte in Matteus. Dit handel oor Jesus se verheerliking op die berg waar Hy weer eens, soos met sy doop, deur God aangewys is as sy geliefde Seun. Die Genesisteks handel oor die roeping van Abraham om tot seën vir al die volke op aarde te wees. Die Psalm is 'n pelgrimslied waarin die gelowige pelgrim verseker word van God se bystand en beskerming op die reispad. Die teks uit Romeine sluit aan by die verhaal van Abraham en beskryf hom as die vader van almal wat glo soos hy geglo het. Die teks uit die Johannes evangelie vertel die verhaal van Nikodemus wat Jesus in die nag kom besoek het. Op soortgelyke wyse as in die fokusteks word Jesus beskryf as die enigste Seun van God. Wenk: Lees 'n gedeelte 'n paar keer deur en vra dan: Wat staan vir my uit? Dink en bid dan verder daaroor. Dit kan nog meer sinvol wees om dit saam met ander te doen!

Derde Sondag in Lydenstyd
15-21 Maart 2020
Lees gerus hierdie week: Joh 4:5-42; Eks 17:1-7; Ps 95; Romeine 5:1-11

Die fokusteks handel oor Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou oor die water wat ewige lewe gee. Die Eksodusteks vertel die verhaal van die water uit die rots by Massa/Meriba tydens die woestynreis van die Israeliete. Die insident by Massa/Meriba kom weer aan die orde in die psalm, in die geval met spesifieke verwysing na die opstandigheid van die Israeliete. Die teks uit Romeine handel oor die vyandskap tussen God en mens wat deur Jesus se versoeningsdood uit die weg geruim is.

Vierde Sondag in Lydenstyd
22-28 Maart 2020
Lees gerus hierdie week: Joh 9:1-41; 1 Sam 16:1-3; Ps 23; Efes 5:8-14

Let op na die gebruik van die beeld van die herder. In Johannes praat Jesus van Homself as die goeie herder wat na sy skape (volgelinge) omsien en selfs sy lewe vir hulle aflê. In die psalm is dit God wat as die herder beskryf word wat sy kudde liefdevol versorg en beskerm.

Vyfde Sondag in Lydenstyd
29 Maart – 4 April 2020
Lees gerus hierdie week: Joh 11:1-45; Eseg 37:1-14; Ps 130; Rom 8:6-11

In die fokusteks wat handel oor die opwekking van Lasarus uit die dood, verwys Jesus na Homself as die opstanding en die lewe. Ook die Esegiëlteks handel oor lewe uit die dood aan die hand van die visioen van beendere wat tot lewe gewek word. Die psalm is die lied van gelowiges wat ten spyte van moeilike omstandighede steeds hulle vertroue op die Here stel. Die teks uit Romeine fokus op die verskil tussen ’n lewe wat deur die sondige natuur beheers word, en ’n lewe wat deur die Gees van God beheers word. Ook in dié gedeelte is daar sprake van die sterflike liggaam wat lewend gemaak word deur die werking van die Gees.

Bron: NGKPlumstead/Seisoene van die Kerkjaar

DEPRESSIE 101

Vandag is daar nie 'n lied en lirieke om jou aan te moedig nie, maar 'n oomblik toe 'n vrou 'n teater vol mense verkeerd bewys het en 'n inspirasie vir miljoene geword het. Sy het 'n droom gehad en iets daaromtrent gedoen, al was alles teen haar.

Of jy vandag 'n depressie vegter is of bloot net 'n angstigheid ervaar oor die volgende 21 dae, mag ek en jy nie ophou droom nie. Stap vandag op jou wêreld verhoog en gee gestalte aan jou droom. Dag 22 sal aanbreek. Jy sal weer jou bokshandskoene kan aantrek en in jou depressie-kryt klim. Droom. Droom groot en leef dit. Jou Susan Boyle-oomblik is hier.

https://www.youtube.com/watch?v=ijDQ9OKNu4E